LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

03 September 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Leopold van Huyssteen
DERTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD
Fokusteks uit Leesrooster: Eks 3:1-15
RCL tekste: Ps 105; Rom 12:9-21; Mat 16:21-28
Deurkollekte: Instituut vir Dowes

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Geen Kinderkerk a.g.v. van Voedselfees Dankie-Sê Koek&Koffie in saal.

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 082 706 8642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:30

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Leopold vir boodskap

- Kankerbehandeling: Owen Wallis; Sannie le Roux; Annette Laten; Stanley Oosthuizen
- Angelique Stassen steeds in hospitaal
- Jan Volschenk vir bestraling by Tygerberg Hospitaal
- Piet Nortjé vir gesondheid

DOOP: Alex Neethling
OUERS: Eugene & Marissa
OUPA & OUMA: Wouter & Adele Burger

FOKUSTEKS: Eks 3:1-15

"Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur." Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag. God vergeet nie Sy kinders nie en antwoord op hul noodkrete. Ander gode het name waaraan 'n sekere identiteit gekoppel word bv. "god van vrugbaarheid" wat hul beperk tot wat hul kan doen, maar God kan nie in 'n boksie geplaas word nie. Daar is geen beperking aangaande God nie. Hy openbaar daagliks Sy karakter aan ons, soos ons die pad met Hom stap.

GEBEDSTEMA: SEPT 2017

LENTE IN MENSEHARTE: *Week 3-9 Sept.*
HERE BRING LIG IN MY HART

Ps 27:1 "Die Here is my Lig en my Redding." Jes 60:20 "Die Here sal vir jou 'n Ewige Lig wees. Joh 1:5 "Die Lig skyn in die duisternis en die duisternis kan dit nie uitdoof nie" Jesus Here aan U wat die Ewige Lig is bring ek die lof en dank dat U ook U Lig van redding in my lewe laat skyn. Laat U teenwoordige Lig in my hart skyn en my pad vorentoe helder verlig, my veilig verby struikelblokke van sonde en ongeloof stuur. Dankie Here dat in U Lig in my lewe daar geen vrees vir duisternis in my hart hoef te wees nie. Ek loof U vir U Lig wat elke dag by my is en wat ook my hart in tye van smartvolle oomblikke en donkerte binnedring sodat ek kan lewe in die Lig wat van Jesus af kom.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/ koffie in die kerksaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

MAG (Meisies Agter God)
OGGEND:
As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjie is: HIER is waar jy 9 September MOET wees.

OPSKUD, KAARTJIES RAAK AL HOE MINDER

Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

Kaartjies by Kerkkantoor beskikbaar
Tel nr. 021 853 5991

WAT KAN JY VERWAG?

-praise & worship
-spreker
-danse
-pryse
-eet- en drinkgoed
-photobooth

Vir meer inligting:
Kontak Anneli Theron
@ 071 586 1808

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik.

Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store"
Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.

Vir meer inligting of navrae: Charlene @ 021 853 5991

GEMEENTEVERSORGING:

Die afgelope tyd raak dit al hoe meer uitdagend om van die liefdevolle diens van Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers gebruik te maak om ons gemeentelede by die huis te besoek vir dankoffers ens. Tye, generasies, asook die demografie het drasties verander. In van die wyke is daar nie meer Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers beskikbaar nie a.g.v. uitredes, aftredes, mense wat wegtrek en werkendes wat te laat by die huis kom. Dit is ook net so 'n uitdaging om weer beskikbare Dienswerkers/ Wyksverteenwoordigers te vind en dit is deesdae geweldig gevaarlik om rond te stap met kontant.

Na vele beraadslaging, ondersoeke en vergaderings is die volgende besluit:

- VERSORGING sal ALTYD eerste op ons prioriteitslys wees, daarom sal die huidige Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers voortgaan met besoeke.
- 'n Bykomende elektroniese kommunikasiesisteem (Communicator) word ook nou gebruik om met die hele gemeente op 'n konstante manier te kommunikeer. Ons wil jou aanmoedig om **asb** die "App" op jou foon of rekenaar af te laai. Dis effektief, eenvoudig en moeiteloos. Vir navrae of hulp kontak Jackie @ 021 853 5991
- Die boekie-kollekteerstelsel sal stelselmatig uitfaseer soos daar nie meer Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers beskikbaar is nie, maar koevertjies sal altyd by die deure beskikbaar wees.
- Lidmate kan alternatiewe reëlings met kerkkantoor tref indien hul dankoffers persoonlik wil gee. Dit kan ook d.m.v. Debietorders, Aftrekorders & EFT's geskied.
- Voortdurende nuwe inligting sal steeds op ons Webtuiste (www.lourensrivier.co.za), ons FB Blad (Lourensrivier Se Mense) asook in ons Donderdag Nuuskrummels, Sondag Afkondigings & Riviertjie beskikbaar wees.

Gemeentelede is enige tyd welkom om die kerkkantoor te kontak indien 'n besoek van Ds Leopold of Petrie verlang word.
Indien daar enige navrae is, kontak ons gerus by 021 853 5991

AAN ELKE LIEWE EEN WAT BETROKKE WAS BY ONS SUKSESVOLLE VOEDSELFEES…...
Ons dank jou opreg en uit ons hart vir jou vriendelikheid, hulpvaardigheid, onselfsugtige diens & tyd, toewyding en opoffering. Jou oorgee, omgee en aangee…...

Dis mense soos jy wat Lourensrivier Gemeente sonder twyfel help opbou en sonder wie God se Konkryk voorwaar armer is.

Dankie Wessel vir al die geduld, rondhardloop en regstaan asook dankie aan Rose en Victor, jou regterhande. Ons kan aan geen ander manier dink om ons waardering uit te spreek as om jou te nooi vir 'n heerlike eet & drinkdingetjie na die diens nie. Kom kuier asb saam in die kerksaal.

Nogmaals dankie!

Voedselfeesgroete